

BLOU

vir beste

Verbly 'n nuwe mamma se hart met so 'n geskenksetletjie – haar baba se eerste kleertjies

Hierdie patroon is taamlik maklik. Koste: Sowat R25

MATE

Om baba van geboorte tot 3(6;9) maande te pas. Ware grootte: Oorvoubaadjie: Bors, wanneer toegeknoop: 50(53,5;57,5) cm. Lengte tot skouer: 23(25;27) cm. Mou-lengte: 15(16;17) cm. Kortbroekie: Heupe, rondom gemeet: 67(71;76) cm. Lengte tot middel: 33(35;37) cm

SPANNING

29 ste x 42 rye in koussteek met 3 mm-Ne = 10 x 10 cm Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder steke in jou toetslapie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe
aw – brei awereg
beg – begin
grtgso – glip 1 st, brei 1 st
regs, trek glipsteek oor
gv – gare vorentoe
herh – herhaal
ks – koussteek (1 ry regs, 1 ry awereg)
N(e) – naald(e)
oorbl – oorblywende
pat – patroon
r – brei regs
rif – riffelsteek (r1, aw1)
rs – reksteek (elke ry regs)
R(V)K – regte(verkeerde)
kant van werk
st(e) – steek(steke)
tes – tesame
vermeer – vermeerder
vermin – verminder
vlg – volgende
weersk – weerskante



BENODIGDHEDE

Pinguin Baby-vierdraad (50 g-bolle), wit (kleur nr. 01, A) en blou (03, B); oorvoubaadjie: 2 (3;3) bolle A en 1 bol B, 3 knope; kortbroekie: 1 bol A en 2 (3;3) bolle B, rek vir middelboord; kappie: 1 bol elk A en B, 1 knoop; skoentjies: 1 bol elk A en B; 'n ekstra paar breinaalde van 3 mm; vir almal: paar elk Inox-breinaalde van 2,75 mm en 3 mm; geen tweepuntbreinaalde is nodig nie. Let wel: Tensy die aanbevole breidraad gebruik word, kan Pinguin geen verantwoordelikeheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

Baadjie HOOFDEEL

Met 2,75 mm-Ne en A stel 181(193;205) ste op vir volle breedte van voorpant en

agterpante; brei 4 rye rs.

Slaan oor na 3 mm-Ne en beg weer met 'n r-ry, brei 2 rye ks, voeg dan B in en brei volgens diagram nr. 1.

1e ry: r3(2;1)B, *2A, 1B, 1A, 1B, 2A, 3B, 1A, 3B*; herh van * tot * nog 11(12;13) keer, r2A, 1B, 1A, 1B, 2A, 3(2;1)B.

2e en 3e ry: Brei volgens diagram soos nou vasgestel. Knip B af en brei voort in ks met slegs A tot werk 7(9;11) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Brei hierna die middelste 41 ste volgens diagram 2.

1e ry: r70(76;82), plaas 'n kontraskleur merklus op regternaald, brei die 41 ste volgens diagram met A, want die pat op dié ry word later ingeborduur, plaas weer 'n merklus op regternaald en r oorbl 70(76;82) ste.

2e ry: aw70(76;82), glip merklus, aw die 41 ste van diagram A, glip merklus, aw oorbl 70(76;82) ste.

3e ry: aw70(76;82), glip merklus, voeg B in en brei die 41 ste volgens pat op diagram, glip merklus, r70(76;82)A.

Hou so aan met verbyglip van merkers in elke ry, brei die vlg 2 rye pat, draai B om A aan die beg van pat in elke ry.

Knip B hierna af, hou aan om volgens diagram te brei, hou alle ste in A en glip merklusse in elke ry om die posisie vir bo- rand van diagram aan te dui. Brei voort sonder vorming en terselfdertyd, wanneer werk 13(14;15) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry. Verdeel nou vir voorpant en agterpante.

Mousgatopeninge, vlg ry:

r51(54;57), plaas hierdie ste vir skouerstuk van linkeragterpant op 'n reserwenaald, heg 7 ste af, r tot daar 67(73;79) ste op regternaald is, plaas hierdie ste vir voorpant op 'n tweede reserwenaald, heg 6 ste af, r tot einde.


Skouerstuk van regteragterpant: Brei voort op die 51(54;57) ste wat op N oorbly, sonder vorming, tot werk 22,5(24,5;26,5) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n r-ry.

Halsvorming: Heg 23(24;25) ste af aan beg van vlg ry en 10 ste aan halsrand van daaropvlg alt ry. Heg oorbl 18(20;22) ste af vir skouerrand.

VOORPANT

Met VK oor, heg werkdraad aan voorpant-ste vas en brei ks, glip steeds merklusse saam soos tevore.


DIAGRAMME VIR OORVOUBAADIJE: DIAGRAM 1



Kyk by aanwysings hoe om dié patroon op moue te plaas

□ = A; / = B

DIAGRAM 2



□ = A; / = B


* = kruissteek met B

● = Duplikaatsteek met B

middelste steek

Kyk by aanwysings hoe dié patroondeel geplaas word

DIAGRAM VIR KAPPIE



□ = A; / = B

Kyk by aanwysings vir presiese plasing van patroondeel

Wanneer 32 rye voltooi is na laaste pat-ry, brei oorbl 3 rye op diagram, verwyder dan merklusse en brei voort met slegs A, sonder vorming, tot werk 19(21;23) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Halsvorming: 1e ry: r28(30;32) en plaas die ste op 'n reserwenaald vir linkerskouer, heg vlg 11(13;15) ste af, r tot einde.

Regterskouer: Brei voort op die 28(30;32) ste wat nou op N is, aw 1 ry.



PINGOUIN
KWALITEIT-BREIDRAAD

Al die breidraad vir die kledingstukke in dié bylae is beskikbaar by elkeen van dié betroubare PINGOUIN-handelaars.

THE WOOL SHOPPE

Winkel 80, Sanlam Plaza, Oos-Burgerstraat, Bloemfontein, 9301; Tel en faks: (051) 447-8310
● Die grootste wol- en masjienwinkel in die Vrystaat ● Spesialiseer in somer- en winterbreidraad en wol ● Nywerheids- en gewone naai- en breimasjiene ● Posbestellings is welkom

Danella Handcraft

The carpet and yard people
Die mat en wol mense

● Danella I
Esselenstraat 131 (Posbus 27535), Sunnyside, Pretoria, 0132; (012) 44-5028
● Danella II
Winkel 19, Sancardia-gebou, h/v Kerk- & Beatrixstraat, Arcadia, Pretoria, 0083; (012) 324-4489
● KBA-posbestellings word aanvaar

ORION

Orion Wool & Crafts, Groote Kerk Arkade, Adderleystraat 39 (Posbus 2912), Kaapstad, 8000; Tel: (021) 461-6941; Faks: (021) 24-7367
● Spesialiteitswolwinkel – breidraad per pos

****Heg 4 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand in daaropvlg 2 alt rye, dan 1 st in vlg 2 alt rye.**

Brei op oorbl 18(20;22) ste tot werk so lank soos regteragterpant tot skouerrand is en heg af.

Skouerstuk van linkeragterpant: Met VK voor, heg werkdraad aan linkeragterpant-ste vas en voltooi soos uiteengesit vir regterskouerstuk, maar met omgekeerde halsvorming.

MOUE

Met 2,75 mm-Ne en A, stel 49(51;53) ste op en brei 4 rye rs. Slaan oor na 3 mm-Ne en brei 2 rye ks, voeg dan B in en brei pat volgens diagram nr. 1.

1e ry: r0(1;2) B, herh van * tot * in 1e pat-ry van hoofdeel 3 keer, r2A, 1B, 1A, 1B, 2A, 0(1;2)B.

Brei 2e en 3e ry volgens diagram soos nou vasgestel, knip dan B af en brei slegs met A; vorm syrande.

1e grootte: Vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 10e ry 2 keer, dan elke daaropvlg 8e ry 3 keer.

2e grootte: Vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 8e ry 2 keer, dan elke daaropvlg 6e ry 5 keer.

3e grootte: Vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 6e ry 7 keer, dan elke vlg 4e ry 2 keer.

Alle groottes: Brei voort op 59(65;71) ste tot werk 15(16;17) cm lank is vanaf beg.

Heg alle ste af.

AFWERKING EN RANDSTROKE

Met RK voor, 2,75 mm-Ne en A, tel op en r65(71;77) ste uit reguit rand van regteragterpant. Brei 3 rye rs, heg dan taamlik lossies af. Brei ook so 'n strook aan linkeragterpant.

Halsstrook: Met RK voor, 2,75 mm-Ne en A, tel op en r37(38;39) ste uit linkeragterpantrand, die kort kant van reguit strook bygetel, 42(44;46) ste uit voorpantrand, dan 37(38;39) ste uit regteragterpantrand, die kort kant van reguit strook bygetel – 116(120;124) ste. R1 ry, maak dan knoopsgate.

Vlg ry: Beg by linkeragterpantrand, r2, gv, r2tes, r19(20;21), gv, r2tes, r tot einde. Brei nog 1 ry rs, heg dan taamlik lossies af.

Voltooi die voorpantpaneel deur die borduurwerk soos op diagram 2 aangedui, aan te bring. Gebruik B en borduur die steke al met die sykante langs in duplikaatsteek, dan die middelmotief in kruissteek. Werk mounate toe, maar laat 4 rye aan bokant oop. Plaas mounate teenaan middel van afheg-ste aan basis van mousgate, werk moukoppe in mousgate vas. Werk 2 knope aan regte kant van regteragterpant se halsstrook, teenoor knoopsgate, vas. Maak nog 'n knoopsgatlus aan buitenste rand van regteragterpant-halsstrook en werk oorbl knoop daarteenoor aan VK van linkeragterpant vas.

Kortbroekie AGTERPANT

Beg aan onderrand van een broekspyp, gebruik 2,75 mm-Ne en A en stel 56(59;62) ste op.

Brei 5 cm rs, slaan oor na 3 mm-Ne en B.

Beg weer met 'n r-ry, brei ks sonder vorming tot werk 15(16;17) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n r-ry.**

Binnebeenvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry. R nog 1 ry, eindig dus aan gevormde rand. Knip werkdraad af en plaas oorbl 52(55;58) ste op 'n reserwenaald.

Brei tweede broekspyp op dieselfde manier tot **. Aw 1 ry, heg dan 2 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry.

Vlg ry: aw52(55;58) ste van tweede broekspyp, beg dan aan gevormde rand, aw-ste van 1e broekspyp – 104(110;116) ste.

Brei voort oor alle ste, en brei vorming in middel daarvan.

1e ry: r49(52;55), r2tes, r2 (= middelste 2 ste), grtgs, r49(52;55).

Vermin op dié manier aan weersk van middelste 2 ste in vlg 2 alt rye, brei dan voort op

oorbl 98(104;110) ste tot werk 33(35;37) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n r-ry.

Vermin-ry: aw4(7;10), [aw2tes, aw9] 8 keer, aw2tes, aw4(7;10) – 89(95;101) ste.

Slaan oor na 2,75 mm-Ne en brei rif vir middelboord.

1e ry: aw1, *r1, aw1*; herh van * tot * tot einde.

2e ry: r1, *aw1, r1*; herh van * tot * tot einde.

Herh dié 2 rye tot middelboord 5 cm lank is. Heg lossies, rifs-gewys, af.

VOORPANT

Soos uiteengesit vir agterpant.

AFWERKING

Werk binnebeen- en synate toe, maar werk onderste 3 cm van elke naat aan VK, vir omslae. Knip rek om om baba se middel te pas, plaas punte oormekaar en werk goed vas.

Vou middelboord na verkeerde kant dubbel en werk vas, omsluit die rek namate jy vorder. Vou enkelboordjies na regte kant dubbel.

Kappie

Met 3 mm-Ne en A, stel 103(109;115) ste op, brei 4 rye rs, beg dan weer met 'n r-ry en brei 2 rye ks. Heg B vas en volg pat op diagram.

1e ry, 1e grootte: r2B, 1A, 3B, *2A, 1B, 1A, 1B, 2A, 3B, 1A, 3B*, herh van * tot * nog 5 keer, r2A, 1B, 1A, 1B, 2A, 3B, 1A, 2B.

2e grootte: r2A, 3B, 1A, 3B, herh dan van * tot * soos uiteengesit vir 1e grootte 7 keer, r2A.

3e grootte: r1B, 1A, 1B, 2A, 3B, 1A, 3B, herh van * tot * soos uiteengesit vir 1e grootte, 7 keer, r2A, 1B, 1A, 1B.

Alle groottes: Brei 2e en 3e ry volgens diagram soos nou vasgestel, knip dan B af en brei 3 rye ks met A, eindig dus met 'n aw-ry.

Dit voltooi die rand.

Slaan oor na B, beg weer met 'n aw-ry en brei ks, sonder vorming, tot werk 14(15;16) cm lank is vanaf beg. Heg 36(38;40) ste af vir agterste deel.

Brei nog 12(13;13,5) cm ks, heg dan af.

AFWERKING EN HALSSTROOK

Werk syrande van agterste deel aan afhegrande van elke sykant vas. Vou rand na RK om en ryg in posisie. Met RK voor, 2,75 mm-Ne en B, tel op en r30(33;36) ste uit linker-syrand van kappie, steek breinaald deur albei lae van rand, dan 25(27;29) ste uit afhegrand van agterste deel, dan 30(33;36) ste uit regterrand, brei weer deur albei lae, en stel 20 ste vir baadjie op – 105(113;121) ste.

Brei 2 rye rs, maak dan 'n knoopsgat.

Vlg ry: Beg aan rand van bandjie, r2, r2tes, gv, r tot einde.

Brei nog 3 rye rs, heg dan taamlik lossies af.

Werk knoop aan linkerrand, teenoor knoopsgat, vas.

Skoentjies

Met 3 mm-Ne en B, beg by agterste rand van sooltjie; stel 10(10;12) ste op, brei rs, beskou die 1e ry as RK. Brei voort tot werk 6(7;8) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Knip werkdraad af, hou ste op N. Merk die middel van opstelrand; met RK voor, 'n tweede paar 3 mm-Ne en B, tel op en r5(5;6) ste uit tweede helfte van opstelrand, 18(21;24) ste uit een syrand van sool, r die sool-ste, tel op en r18(21;24) ste uit ander kant en 5(5;6) ste uit 1e helfte van oopstelrand – 56(62;72) ste.

Gebruik die 4e N om 11(13;15) rye rs oor alle ste te brei.

Wreefvorming: 1e ry:

r33(36;42), draai, laat dus 23(26;30) ste ongebrei.

2e ry: r10(10;12), laat dus 23(26;30) ste aan hierdie rand ook ongebrei.

3e ry: r9(9;11), r2tes, draai.

Herh 3e ry nog 19(21;25) keer. Draai ná laaste ry soos gewoonlik, en r tot einde.

Brei oor oorbl 36(40;46) ste en brei 17(19;23) rye B, slaan dan oor na A en brei nog 3 cm. Heg lossies af.

Werk agternaat van skoentjie toe, keer naat om aan A-deel om dit te kan omslaan.

Maak die 2e skoentjie op dieselfde manier.□